


Gesinne wat leer

Geletterdheid

Wenke vir ouers –
Hoe om jou kind se
lees, skryf en en
taalvaardighede
tuis te verbeter



Ouers kan baie doen
om die lees-, skryf- en
taalvaardighede van hulle kinders
tuis te verbeter. Die volgende is
voorbeelde:

- Lees elke dag vir jou kind.
- Vertel stories oor jou gesin.
- Praat, praat, praat – jou kind leer die gesproke woord deur na jou te luister.
- Lees papbokse, blikkieskos en skoonmaakmiddelhouers.
- Leer jou kind hoe om waarskuwingsetikette te lees.
- Speel woordspeletjies, bv. “Ek sien met my klein ogie iets wat begin met...” (gee ’n letter).
- Toets elke jaar jou kind se sig en gehoor en begin vroeg daarmee.
- Gee boeke of tydskrifte aan jou kinders as persente.
- Maak seker dat jou kind se versorgers tyd bestee daaraan om met jou kind te praat en vir jou kind te lees.
- Prys jou kind vir werk wat goed gedoen is.
- Kry biblioteekkaarte vir die hele gesin en besoek die biblioteek gereeld.

Wat jou kind in graad 3 behoort te weet:

Die nasionale kurrikulum beskryf wat jou kind in elke graad en vir elke vak moet weet en moet kan doen, insluitende uitkomst vir lees-, skryf- en taalvaardighede.

Kinders in graad 3 moet byvoorbeeld die volgende kan doen:

- **Luister** met aandag en reageer op instruksies.
- **Praat** oor persoonlike ervarings en algemene nuusgebeurlikhede; vertel stories met ’n begin, middel en einde; praat beleefd en met aandag.
- **Lees** ’n storie of ’n gedig en bewys dat hulle verstaan wat hulle gelees het deur vrae akkuraat te beantwoord.
- **Skryf** een- of tweeparagraaf stories, brief of resepte; hulle moet duidelik skryf.
- **Beplan** take deur te dink oor wat gedoen moet word, hoekom, hoe en deur wie.
- **Spel reg**, gebruik spelreëls en begryp hoe om verskillende soorte sinne te gebruik, bv. vrae, stellings en opdragte.

